

Hoofstuk van die dag: Lukas 7

> *Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie!” (vers 13)*

Ons leer Jesus hier ken as die Een met ’n hart vir mense in nood (vers 13). Sy eerste reaksie toe hy die weduwee sien, was om haar te troos, want sy hart het gebreek vir haar. Jesus se hart gaan uit na hulle wat stukkend en seer en in nood is. Hy

stap nie by só iemand verby asof dit Hom nie raak nie.
Dís die prent van Jesus wat Lukas vir ons teken. Ons sien Hom hier as die deernisvolle Een wat omgee en uitreik na mense wat Hom nodig het; die Here wat sterker is as die dood, en die Een wat geliefdes met mekaar herenig.
Wat Hy vir hierdie arme weduwee en haar seun gedoen het, sal Hy eendag doen vir al die gelowiges, en dit dan op ’n volmaakte, finale wyse. Hy sal al die trane afdroog, Hy sal al sy mense tot die ewige lewe laat opstaan, en Hy sal ons in die hemel met ons dierbares wat in Hom gesterf het, herenig.
Dis die Here wat ek elke dag wil volg!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026